basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## NOVEMBER 2016

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy ŉ streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Daardie dag sal ek nooit vergeet nie. **[50]**

1.2 Wintertyd ... **[50]**

1.3 Die laaste skoolklok van my graad 12-jaar het gelui. Wat nou? **[50]**

1.4 Is dit goed om risiko's te neem? **[50]**

1.5 Musiek is 'n taal wat almal verstaan. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[Uit: www.jlpp.org] **[50]**

1.6.2



[Uit: www.drpanda-survivior.org.wikia.com] **[50]**

1.6.3



[Uit: www.defenders.org] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **BRIEF AAN DIE PERS**

Hierdie brief het op 15 November 2016 in ŉ tydskrif, *Waterwys,* verskyn.

**EK BETAAL VIR WATER**

Ek vererg my vreeslik vir mense wat so aangaan oor waterbesparing. Net waar jy gaan, is daar plakkate oor hoe ŉ mens water moet bespaar. Almal wil vir my voorskryf hoe ek water moet gebruik.

Solank daar water is as ek die kraan oopdraai, sal ek water gebruik. Solank ek betaal vir water wat ek gebruik, steur ek my nie aan al die wenke om water te bespaar nie.

Vissie
Humansdorp

Skryf ŉ FORMELE BRIEF aan hierdie tydskrif waarin jy op hierdie brief reageer. Jy mag saamstem of van die briefskrywer verskil.

Die adres is:
Die Redakteur
WATERWYS
Posbus 110
Kaapstad
8000 **[30]**

2.2 **HULDEBLYK**

Jy neem al jare lank aan jou gunstelingsportsoort deel. Jou geliefde afrigter is oorlede en jy moet namens die span ŉ huldeblyk lewer.

Skryf die HULDEBLYK. **[30]**

2.3 **KOERANTBERIG**

Julle skoolhoof het besluit om elke skooldag ŉ uur langer te maak. Die leerders was ontevrede oor hierdie besluit.

Skryf ŉ KOERANTBERIG vir julle skoolkoerant waarin jy sê waarom jy ontevrede met die hoof se besluit is. **[30]**

## 2.4 DIALOOG

Jy studeer die afgelope weke kliphard, want jy wil goed slaag in die matriekeindeksamen. Jou kêrel/meisie is nie so gelukkig daaroor nie, want jy bring te min tyd saam met hom/haar deur. Julle praat hieroor.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou kêrel/meisie neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **PLAKKAAT**

Suid-Afrika se tieners kry te min oefening. Jy is bekommerd daaroor en besluit om ŉ plakkaat by die skool aan te bring met die opskrif: OEFEN MEER.

Ontwerp die PLAKKAAT waarin jy tieners aanmoedig om meer oefening te kry. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het onlangs twee baie verskillende dae beleef. Die een dag het alles verkeerd geloop, maar die volgende dag het dit sommer weer baie beter gegaan.

Maak DAGBOEKINSKRYWINGS vir die TWEE dae soos volg:

- EEN inskrywing oor die slegte dag
- EEN inskrywing oor die goeie dag **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy en jou beste vriend/vriendin was besig om kos te maak. Jou vriend/vriendin het per ongeluk sy/haar vinger met ŉ mes gesny. Gelukkig is die wond nie te diep nie.

Verduidelik stap vir stap hoe jy die wond gaan behandel. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou